Hoërskool McLachlan

Posbus 3
Joubertina
6410

☎ 042-273-1335
🖷 042-273-1210
info@hsmclachlan.co.za
www.hsmclachlan.co.za

NUUSBRIEF 19/03 2021

Geagte Ouers/Voogde

1. **Bedankings:**
   - Groot dank aan die uittredende beheerliggaam vir hul ondersteuning en hulp die afgelope 3 jaar. Dit word opreg waardeer.
   - Baie dankie aan Gamtoos Besproeiingsraad vir die skenk van plante vir die LSOB-klas.

2. **Beheerliggaamverkiesing:**
   Baie geluk aan die nuutverkose beheerliggaam. Sterkte met die groot verantwoordelikheid wat op jul skouers rus.
   Sanra Alberts
   Mia Koorzen-Buys
   Werner Oberholster
   Jan Schoeman
   Christi Strydom
   Riaan Strydom
   Bennett Wright

3. **Karoo to Coast – fietswedren: 26 September 2021:**
   Hierdie is weer 'n geleentheid vir Hoërskool McLachlan om geld in te samel. Ons soek bestuurders om deelnemers se voertuie van Uniondale na Knysna te neem. Die skool verdien R850 per voertuig. Indien u beskikbaar is, kontak Daleen Strydom by 042 2731335 of stuur 'n e-pos na info@hsmclachlan.co.za.

4. **OOV-Fondsinsameling**
   Pizzaskywe te koop op Vrydag, 26 Maart 2021. Ons werk slegs op bestelling. Vul asb die afskeurstrokie met u bestelling in en gee dit teen Woensdag, 24 Maart 2021, saam met u betaling by u kind se registeronderwyser(es) in.

   Baie dankie vir u ondersteuning met hierdie weeklikse OOV-fondsinsameling.

5. **Finansies:**
   Ons herinner ouers daaraan dat die kopieerkoste van R500 per jaar per kind teen **31 Maart** betaalbaar is. Indien dit nie vereffen word nie, sal u kind ongelukkig nie verder fotostate kan ontvang nie.

   Busgeld is vooruit betaalbaar en ons rig 'n vriendelike versoek dat die busgeld wat nog uitstaande is, nou vereffen word.
   Daaglikse roete: **[Kwartaal 1]**

Misgund	R1 456
Louterwater	R1 302
Krakeel	R1 148

herotel IGEN

Bankbesonderhede: Bestuursliggaam HS McLachlan
ABSA Joubertina
Rekeningnommer: 1970 430047
Tipe rekening: Tjek
Takkode: 334415
Verwysing: Kind se naam en van

Ons doen weereens 'n vriendelike, dog dringende versoek, dat EFT-betalings se verwysings die betrokke leerder se naam en van op sal hê, én dat 'n betalingsbewys, met verduideliking waarvoor die inbetaling is, na mev. Mattheus by admin@hsmclachlan.co.za ge-epos sal word.

Die volgende elektroniese betalings is ontvang en as gevolg van gebrekkige verwysings, weet ons nie wie die betaling gedoen het nie. Sal die betrokke persone asseblief vir mev. Mattheus in hierdie verband kontak.

01.02.2021: Aftrekorder ABSA Bank
Verwysing: Alex School fee – R2 610,00
26.02.2021: Internetbetaling
Verwysing: Skoolgeld – R1 075,00

6. **Covid:**
Praktiese reëlings 2021 :

Prosedure voor skool:
Die skool se hekke word elke oggend om **07:30** oopgesluit en word weer om **07:50** gesluit. Leerders wat na 07:50 by die skool opdaag, moet by die sekretaresse aanmeld.

Die volgende reëls moet asseblief vir almal se veiligheid nagekom word:

- Leerders moet by die hekke wag totdat dit oopgesluit word.
- Handhaaf asseblief die vereiste 1,5 m sosiale afstand aan die buitekant van die hekke.
- Leerders moet asseblief nie dorp toe of na vriende se huise toe gaan nadat hulle by die skool afgelaai is nie.
- Die dra van 'n masker (mond en neus bedek) is verpligtend wanneer leerders buite die hekke wag.

Ingang/Uitgang van onderskeie grade:
Let wel: Skandering vind soggens van 07:30 – 07:50 plaas.

Graad	Hek (ingang) 07:30 – 07:50	Hek (uitgang)	Skandering	Skoolure
1 en 2	Bushek (P.J.Retiefstr.)	Klein hekkie (12:40)	07:30 - 07:50	Maandag – Vrydag 07:50 – 12:40
3, 7, 8, 10, 11	Bushek (P.J.Retiefstr.)	Bushek (P.J.Retiefstr.)	07:30 - 07:50	Maandag – Donderdag 07:50 – 14:15 Vrydag: 07:50 – 12:40
4, 5, 6, 9, 12	Skuifhek (Pfaffstraat)	Skuifhek (Pfaffstraat)	07:30 - 07:50	Maandag – Donderdag 07:50 – 14:15 Vrydag: 07:50 – 12:40

S. Pienaar

S. PIENAAR
Waarnemende Skoolhoof: Hoërskool McLachlan

herotel IGEN
McLachlan Internet Fasiliteit